

**BEROEPENUUS—16 Mrt. 2014****Beroepe ontvang-**

Ds. J.C. van Dyk van Ventersdorp na Louis Trichardt

**Beroepe aanvaar**

Ds. CB Robinson van Rustenburg na Walvisbaai/Swakopmund/Hentiesbaai

**Beroepe bedank**

Ds. TJ van Vuuren van Heilbron na Rietvallei as medeleraar

**Calvyn en die Christelike feesdae – Ds. C Kleijn– vervolg van verlede week****Gevolgtrekkings**

Ons ken geen heilige dae nie, behalwe die Sondag, die weeklikse rusdag wat deur God ingestel is. Dis die feesdag van die kerk. Laat ons dit goed bewaak en dit as ons feesdag by uitstek bly vier. Met die Reformatore kan ons sê dat geen mens, geen burgerlike en geen kerklike owerheid die reg het om die werk te verbied op dae waarop God dit veroorloof het nie. Indien ons buite die Sondag sekere Christelike feesdae wil onderhou, laat ons dan met mening waak teen 'n verheffing van die feesdag bo die Sondag en teen die verheerliking van die mens. Dit moet dan altyd tot eer van God wees en tot opbou van sy kerk.

Calvyn se opvatting oor die feesdae spreek ook van 'n groot sosiale sorg. Hy het gesien dat te veel vrye dae tot losbandigheid, ledigheid, drankmisbruik en allerlei onsedelikheid voer. Die sosiale sorg het ook 'n duidelike rol gespeel in die besluite van die Gereformeerde kerke in Nederland om tydens die feesdae wat die staat uitgeroep het, kerkdienste te belê.

In die beoordeling van die feesdae moet 'n mens, soos Calvyn dit gedoen het, rekening hou met die konkrete situasie. Daarom is ek oortuig dat die sobere formulering van die kerkorde van die Vrye Gereformeerde Kerke oor die kerklike feesdae (art 68) in lyn met Calvyn se houding is. Daar lees ons: “Die kerkraad sal op Kersdag, Goeie Vrydag, Pase, Hemelvaartdag en Pinksterdag die gemeente saamroep tot openbare eredienste, waar die heilsfeite wat die gemeente op hierdie dae in die besonder herdenk, verkondig word.” Let daarop dat die artikel nie praat van die onderhouding van die feesdae nie (soos dit oorspronklik geformuleer was). Dit gaan daaroor dat op die dae wat publiek bekend staan as Christelike feesdae en waarop die gode van ons tyd (self, geld, genot, die buik) alom aanbid word, die enige Naam, waardeur ons gered moet word, verkondig word. *Slot*

19/03 Jennika Lorist 0823362278	23/03 Anna van Dyk 0724799710
	<i>Mag u ryklik geseënd wees met goeie gesondheid, liefde en vreugde die hele jaar deur</i>

Bate geluk met  
u verjaarsdag

Ledige pyp hou toe jou kraan, dan sien ons jou vir 'n volle aan – CJ Langenhoven

Die Krugertjie

**Gereformeerde kerk Pretoria(d)****www.gkpretoria.org.za OF****www.gk-pretoria.weebly.com**

Kerkkantoor Sr. Amanda Tromp

0123262290 (8h00-13h00 Weekdae)

E-pos: kantoor@gkpretoria.org.za Faks: 0123265287

Skriba: Oudl. Andries du Plessis 0123268154

Koster en attes-skriba: Oudl. Flip Minnaar

012- 3233194

Kassier: Oudl. Frik Eloff: 0825790745

Kerk bankbesonderhede: ABSA- 040340106

Voorsitter diakonie-Diak Henry Foster 0823772108

Orrelis: Sr. Hanneljie Bezuidenhout : 0837415173

**16 Maart 2014****EERSTE EREDIENS—(9h00 )****Skriflesing:** Mattheus 21:1-11**Teks:** Mattheus 21:3,5**Sing:** Ps. 104:1,7,8; Ps. 130:1,2; Ps. 90:7; Ps. 24:1,5**DIE VUL IS EINTLIK 'N PREEK**

As die laaste week van Jesus se lewe op aarde aanbreek, dan word daar niks teruggehou nie. Die stelselmatige oopmaak van Wie Hy waarlik is gebeur nou ingrypend en op die man af.

Ja, soos wat Jesus Jerusalem sou nader was sy koms heeltemal anders as al die ander kere wat Hy ook na Jerusalem gegaan het. Jesus sal Hom nou deur niks laat keer nie.

**KATKISASIE**– Katkisasie gaan normaal voortKatkisasie lesse vir Laerskool op internet beskikbaar by <http://bit.ly/JQjBz4>**TWEDE EREDIENS (ná katkisasie)****Skriflesing:** Handeling 2:29-3:6; Handeling 4:32-5:11**Nederlandse Geloofsbelijdenis :**

Artikel 11

**Sing:** Ps. 33:1,3; Sb.14:1 (8-1:1); Ps. 66:7**DIE HEILIGE GEES IS GOD**

Ons belydenis uit die Nederlandse Geloofsbelijdenis stel dit voorop dat die Heilige Gees van ewigheid af God is. Hy is ewige God.

In al ons belydenisskrifte sal u agterkom dat daar nie baie oor die Heilige Gees gepraat word nie. Dit om die eenvoudige rede omdat die Woord van God nie baie oor die Heilige Gees praat nie. Die Heilige Gees wat die Woord van God laat spreek wil nie veel oor Homself praat nie. Daarom lees ons ook dat die Heilige Gees aan ons sê dat Hy nie gekom het om oor Homself te spreek nie, maar Hy het gekom om Christus te verheerlik.

Preke vanuit verskillende Bybelboeke kan elektronies afgelaai word by <http://bit.ly/XmtQM2>Eredienste in klank kan geluister word <http://bit.ly/Tettol>

Ds. Petrus is betrokke by 'n Psalm projek, om soveel as moontlik preke oor die Psalms uit te gee. Bekend as Bruilofsliedere vir die Messias. Die preke oor die Psalms wat reeds beskikbaar is, kan gelees word by <http://bit.ly/12P9mzH>

**Predikant:**

Ds. Petrus Venter  
012- 3356130  
0847042348 (P) 0845119620(C)  
pjventer@gkpretoria.org.za  
9 de Laan 880  
Wonderboom-Suid  
www.gk-pretoria.weebly.com

**Diensbeurt: (sluit in susters se skink beurse)****Vandag-Wyke 10 en 11**

Ouderlinge: Ulbe de Ronde en Andries du Plessis  
Diakens: Henry Foster en Stephan du Plessis

**Volgende Sondag (23/03) – Wyke 12 en 14**

Ouderlinge: Boere Smith en Flip Minnaar  
Diakens: Bernard Vorster

**DRA MEKAAR SE LASTE EN**

**DEEL MEKAAR SE VREUGDES...**

**Ds. Andries Mulder** wat vroeg in die maand weer geopereer sou word, het die internis daarteen besluit voordat daar nie verbetering en versterking in sy hart–long en suiker toestand intree nie. Ons dink aan hom en sr Henta en dat die verlangde en nodige operasie dan tog wel later sal kan plaasvind. Hy ondervind baie pyn en ongemak in sy regterbeen. **Sr Margaretha Coetzee** se verlangde knie-ervangingsoperasie word DV nou vir 20 Maart beplan. Ons gebed is dat die operasie ook baie goed mag verloop en sy ook soos met ander operasie groot seën uit die herstel van die knieë mag ontvang.

**Br Dries de Ridder** se gesondheid wat groot terugslae gehad het word aan die genadetroon van die Here opgedra. Voortdurende behandeling is nodig. Ons bid ook vir sr Altra krag en genade toe om hom so by te staan. **Sr Ciska Odendaal** het na Pretoria gekom. Ons vertrou dat haar gesondheid mag verbeter. **Br Kallie Tromp bly** in ond gebede na die terugslae wat hy met sy gesondheid gehad het. **Sr Cora Kruger** bly ook in ons gebede na sy in haar hoë ouderdom groot terugslae gehad het. Haar liggaamskragte is min. **Sr Rina Aucamp** bid ons die Here se krag en genade toe. Sy gaan baie dae deur swaar beproewinge. Ons dink ook aan oom Louw en die kinders wat haar so getrou moet bystaan. **Br. Jurie Malan** wie se kragte min is en hy baie verswak het vra ons dat ons opnuut vir hom sal bid. **Sr Anna Eloff** is nog in Bly-Moedig –kliniek. Ons dink ook aan haar. **Sr Marie du Rand** vroeër van ons gemeente, nou in Gobabis moet baie dringend haar woonstel in Prestige park verhuur kry. n Baie ruim woonstel in die gesogte blok is beskikbaar teen R4500 per maand

**GEMEENTE-KAMP**

Ons wil graag almal se aandag vestig op die gemeentekamp wat DV hierdie jaar die naweek van 19-21 Sept. gehou sal word. Die nodige besonderhede is alles op die kennisgewingbord aangebring. Dit is belangrik dat ons vroegetydig die name inkry en die nodige bespreking maak. Die plek wat ons die jaar na wil gaan is pragtig maar daar is blykbaar beperkte plek. Ons is dankbaar vir br Boere wat weer vir ons die reëlings hierrondom in plek kry. Hy kan gekontak word by 0834823303

**KOLLEKTE**

<b>Vandag: 1ste diens</b>	DVB	Ekumenisiteit
<b>2de diens</b>	DVB	Intand- houding
<b>23/03/2014 1ste diens</b>	DVB	Christelike onderwys
<b>2de diens</b>	DVB	Intand- houding

**DAGBOEK**

DATUM	GEBEURTENIS
<b>28/03</b>	Skole sluit
<b>07/04</b>	Skole heropen
<b>18/04</b>	Goeie Vrydag Ereediens 9h00
<b>22/04</b>	Finans-Adviesvergd
<b>24/04</b>	Kerkraadsvergd

**SUSTERS EN PAUL KRUGER - KINDERHUIS**

Ons vra steeds vir onbederfbare produkte en blikkieskos vir die kinderkuis. Help aub hiermee deur in die karton-houers by kerk se ingang van hierdie produkte te plaas. Diegene wat getrou hiertoe bydrae word bedank. Daar het deur die jaar heelwat produkte op die manier hulle weg na die kinderkuis gevind.

Ons vestig ook u aandag op die SMS-nommer. Tik die woord PKK en SMS dit na 41092. Met elke SMS maak u 'n R25-00 bydrae.

Die susters bedank almal vir hulle donasies in susters se donasiekas by die teeskink....

**SUSTERS RESEPTEBOEK**

Die susters wil graag vroeg in hierdie jaar die resepteboek laat verskyn. Indien daar nog iemand is wat resepte wil ingee moet u dit asseblief voor die einde van Januarie aan sr Anria Möller gee. Haar e-posadres is anria\_m@yahoo.com. Sy kan gekontak word by 0273731597.

**DIE EVANGELIE: MATTHEÛS**

*Vervolg van verlede week*

**MATTHEÛS 12**

**12:22-28, Godslastering van die Fariseërs:**

**“deur Beëlsebul”** - *Christus is die Woord, wat reeds in die Ou Testamentiese tyd deur die profete getuig het. In Sy prediking sluit Hy dikwels by die woorde van hierdie profete (heroute) aan. Hy getuig hier dat Hy deur die Gees van God die duiwels uitdryf, en daaruit moet die mense weet dat die Koninkryk van God gekom het (v28). Satan en die hel was nie droombeelde nie, en Hy getuig daarvan. Wie Sy woorde in twyfel trek, huldig Hom nie as die onfeilbare Getuie van die waarheid nie. Satan se werk was sigbaar in die duiwelbesetenes. Die Fariseërs het geglo dat daar meer as een “vors van die hel” was, en het onder meer gepraat van Aschmedaj, Sammael en Beëlsebul. Nou het hulle Jesus se werk toegeskryf aan laasgenoemde. Christus wys daarop dat daar maar één owerste is van die duiwels: Satan. Hy is in die Ou Testament driemaal onder daardie naam openbaar. Jesus het gekom om daardie een, duistere ryk te beveg. **Waar Jesus verskyn, moet Satan en sy onderdane wyk.** Dit is Satan teen die Koninkryk, wat in Jesus se werk en woorde openbaar word. Wie die bestaan van die duiwels en die hel loën, kan nie bid: “Laat U Koninkryk kom”, nie. **God is nie altyd vergewend nie.** Die gevolge van die sonde bly voortbestaan. Ons moet ons nie aan die slaap laat sus nie.*

*Wat die Here hier sê, is dat die Fariseërs en mense soos hulle die duiwelbesetenes is. Lees 'n uitvoerige uiteensetting hieroor in die Versamelde Werke van Totius, Boek 5, bl 69 ev.*

**12:29, sterk man** – *Jesus praat eintlik van Homself. Hy het gekom om Satan te bind.*

**12:31-32, nie vergewe word nie** – *Die duiwels is 'n magtige getal, wat eertyds ook goeie engele was. Totius noem dat hulle uit “kwaadwilligheid en haat”, “met opgehewe hand” hulle teen hulle Skep-ter gedraai het. Hulle pleeg ook die **lastering teen die Heilige Gees**, wat nie vergewe sal word nie. Hy noem dit as volg: **Satan het in die krag van sy verbeelding 'n leuenwêreld uitgedink teenoor die waarheidswêreld van God. Soos die mens goed geskape was en kon sondig, was dit ook in die engele-wêreld.***

*Totius behandel ook die vraag, waarom dit belangrik is om van die duiwels kennis te neem. Hy neem die voorbeeld van Christus se waarskuwing aan die Fariseërs: “dat agter hulle boosheid skuil die gestalte van hulle vader, die mensemoordenaar (Joh 8). Satan is hulle vader, wie se wil hulle doen. **nie in hierdie eeu nie** . . . Die vergewing van sonde strek nie tot ná die graf nie. Dit sê Totius Die Skrif waarsku ons: **Bly weg van hulle!***

*teen die gedagte dat daar na die dood nog kans is op bekering kan wees. [ Dit is weerlegging van die dwalings wat glo dat mens ná iemand se dood nog vir sy bekering kan bid. Dit weerlê ook die Roomse leer van die “vagevuur”, waar 'n mens nog na die dood sou kon boet en betaal vir jou sondes, in 'n soort “voorportaal” van die hel. ]*

**12:33, vrugte** – *In 'n artikel waarin hy stel dat baie kerkmense **’n skeiding maak tussen leer en lewe**, wys Totius daarop dat dit gelei het na die verwilderde [ dus goddelose ] lewens van vele. Die geroep na 'n ware gelowige lewe wat van sommige uitgaan, is net om “ware lewe”. Min dink egter daaraan om weer te soek na die beginsels uit die Woord, soos belig in die belydenisskrifte. Vanuit die grondwerk van hierdie geskrifte sal wel geleer word dat die bome aan hulle vrugte geken moet word en dat ware geloof uit ware kennis kom.*

**12:38-42, die teken van die profeet Jona** – *In artikels oor die werklikheid van wat in Gen 1-3 beskryf word, het Totius na ander Skrifplekke verwys waaroor daar ook dispuut, of die dinge werklik gebeur het. Nadat hy na Hos 1 en 3 verwys het, neem hy die voorbeeld van **Jona**. Hy wys daarop dat ons in Matt 12 lees dat Jesus die gebeur as **werklik** teken. Die geskiedkundigeid van Jona word deur die Here in een asem genoem met die werklikheid van die geskiedenis van die koningin van Skeba en van Salomo. Net so werklik aanvaar die Nuwe Testament die bestaan van Adam en Eva (Rom 5:12-21; 2 Kor 11:3; 1 Tim 2:14).*

**12:39, slegte en owerspelige geslag** – *Hoewel deur die geskiedenis van Israel selfs in die slegste tye (bv van Agab, en met Pinkster) nog duisende in die geloof bewaar is, praat Jesus oor die meerderheid van Israel in Sy tyd as sleg. Word vervolg*

**HIERDIE MAAND/E IN DIE GESKIEDENIS-**

*5 Mrt. 1865– Tibbie Steyn– egg van pres MT Steyn gebore; 6 Mrt. 1939– Lina Spies gebore; 7 Mrt. 1917- - Skrywer WA de Klerk gebore; 9 Mrt. 1816– Vyf veroordeeldes van Slachternek word opgehang; 10 Mrt. 1858- Brief van JJ Venter aan J van Andel waarin hy vra vir n leraar van gereformeerde oortuiging; 11 Mrt. 1926– Nicolaas J/v Rensburg (Siener van Rensburg) oorlede; 13 Mrt. 1888– De Beers diamantmaatskappy word gestig; 15 Mrt. 1810– Kndt.-genl. Stephanus Schoeman word gebore; 16 Mrt. 1852– Potgieter en Pretorius versoen op Rustenburg; 17 Mrt. 1707– Willem Adriaan van der Stel uit die Kaap teruggeroep; 17 Mrt. 1820– Eerste Britse setlaars kom in die Kaap aan; 17 Mrt. 1890– Eerste spoorlyn word in ZAR geopen-verbindingtussen Jhb. En Boksburg; 17 Mrt. 1951– Die PU vir CHO kry volwaardige universiteitstatus; 20 Mrt. 1862– Eerste sinode van die GKSA in die Vrystaat-Reddersburg; 21 Mrt. 1858– Afskeid van ds. Dirk Postma van sy Nederlandse gemeente Zwolle; 24 Mrt. 1880– Volksbyeenkoms op Kleinfontein; 25 Mrt. 1807– Slawehandel opgehef; 26 Mrt. 1858– Lasbrief aan ds. Postma uitgereik om na SA te vertrek; 27 Mrt. 1900– Genl. Piet Joubert oorlede;*